

Mediaverklaring

Chaos tydens die aanlyn-registrasieproses in Gauteng

2019-05-20

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) is Maandag-oggend oorval met klagtes vanaf gefrustreerde ouers wat sukkel om hul kinders op die aanlyn-registrasieplatform by die skool van hul keuse in te skryf. Voornemende gr.1 -en gr. 8-leerders kon sedert 08:00 vanoggend by Gautengse skole inskryf vir volgende jaar. Applikante het egter verskeie probleme met die stelsel ondervind.

- Verskeie applikante wat binne die voedersone van die skool woon, is outomaties op die skool se vierde waglys geplaas, terwyl hulle eintlik eerste in aanmerking behoort te kom vir 'n plek in die skool.
- Sommige ouers kon glad nie op die stelsel inkom nie, of die platform tel nie hul woonadres op nie.
- Engelse ouers kla dat hulle slegs by Afrikaanse skole kon inskryf, hoewel sommige Engelse skole nader aan hul woonadres geleë is.
- Party ouers kon op geen manier weer op die stelsel inkom met hulle gebruikersnaam en wagwoord, nadat hulle op die stelsel geregistreer is nie.
- Verskeie skole kla dat hulle nog glad nie op die GDO se stelsel kon inkom om aansoeke te verifieer nie.

“Lesufi probeer openbare skole kaap en wil volledig beheer uitoefen oor toelatings, terwyl die GDO geensins die kapasiteit - of reg - het om dit te doen nie,” sê Buys. “Skole moet nou bontstaan om die chaos te probeer uitsorteer. Ten spyte van gevorderde tegnologie tot die GDO se beskikking, was skole se eie aansoekstelsels in die verlede baie meer effektief.”

Die SOS is ook omgekrap oor Panyaza Lesufi, LUR vir onderwys, se uitlatings met betrekking tot Afrikaans as onderrigtaal tydens 'n mediakonferensie Sondag.

Lesufi het die SOS en AfriForum gekritiseer, omdat hulle geëis het dat die aanlyn-registrasieplatform voorsiening maak vir applikante se voorkeur taal van onderrig en leer. Dié platform het ouers aanvanklik verplig om die skool die naaste aan hul woonadres aan te dui as die skool van eerste keuse, ongeag die onderrig taal van die skool of leerder. Die Departement het verlede week aangevoer dat hulle die platform aangepas het om ouers 'n verskeidenheid opsies van skole naby hul woonadres te bied, en onderneem om onderrigtaal in ag te neem met plasings.

Lesufi het Sondag daarop gesinspeel dat groepe wat hulle beywer vir onderrig in Afrikaans, gekant is teen 'n nie-rassige samelewing en die vooruitgang van swart kinders. Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling aan die SOS, sê dit is geensins rassisties om jou te beroep op 'n grondwetlike reg nie. “Internasionale studies het herhaaldelik bewys dat kinders wat in hul moedertaal onderrig word, 'n groter kans op akademiese sukses het, selfs al sou hulle tersiêre studies in 'n tweede of derde taal aanpak. Vir



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Lesufi om voor te gee dat Afrikaanse skole irrelevant is omdat meeste universiteite in die land verengels het, is 'n gruwelike mistasting," sê Buys.

Buys sê Lesufi self is die oorsaak dat sommige kinders nie die nodige kennis en vaardighede het om suksesvol te wees in hul werk of verdere studies nie, omdat hy nie optree teen onderpresterende onderwysers, swak dissipline of power gehalte onderwys in sommige townshipskole verbeter nie. "Na 25 jaar se bewind, blameer Lesufi steeds apartheid vir sy eie departement se tekortkominge."

Die SOS moedig ouers aan om hul klagtes by die departement aan te meld, maar ook 'n epos aan toelatings@skole.co.za te stuur.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

